

26 November

Skrifgedeelte: Openbaring 2:8-11
Fokusgedeelte: Openbaring 2:8, 11

Positiewe getuienis uit Smirna

Mense sal sê jy is dom as jy gestraf word oor dit wat jy sê, maar nog steeds daarmee volhou. Die gemeente in Smirna het dit gedoen. Hulle het 'n boodskap verkondig wat vir hulle vervolging, verdrukking en armoede beteken het. Hierdie boodskap het veroorsaak dat hulle te midde van rykdom in die stad baie armoede beleef het, omdat hulle geboikot is. Aangesien hulle nie gaan ophou om die boodskap te verkondig nie, gaan hulle nog meer vervolging en verdrukking, selfs tot die dood toe, ondergaan.

Wat is hierdie boodskap wat soveel probleme in hulle lewe veroorsaak het? Dit hou direk verband met die selfopenbaring van Christus en die belofte aan dié wat oorwin.

Christus stel Homself bekend as die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het. Die gemeente van Smirna het aanhoudend verkondig dat Christus, die Gekruisigde, dood was en lewend geword het. Hy het die dood oorwin! Hy was nie maar net 'n prominente figuur, 'n Jood van Nasaret nie, maar Hy is die Messias, Hy het aan die vloekhout al ons sondes op Hom geneem.

Hierdie selfopenbaring van Christus het nou betrekking op die belofte in vers 11. Dié wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie. Die tweede dood is alleen bedoel vir die ongelowiges, Satan, die Antichris, die valse profeet, duiwels, die dood en die doderyk. Hulle wat oorwin, sal die lewe ontvang.

Daarom het Smirna aangehou om die boodskap te verkondig. Hulle het geweet dat die ware rykdom nie op aarde te vind is nie. Dié wat die oorwinning behaal, is ryk mense, want wie is ryker as hulle wat die ewige lewe as kroon ontvang?

Die positiewe getuienis uit Smirna is 'n ware oproep vir elke gemeente vandag om in hierdie wêreld die boodskap van Jesus Christus, die lewende en opgestane Here, te verkondig.

Sing: Skrifberyming 39:1, 4, 5 (15-3)

Ds. PA Coetzee (Potchefstroom)